



Heelwat uitdagings in 2016 Chasa-skiet

Intervereniging-skietkompetisie

Nie eens ligte reën en 'n yskoue wind kon deelnemende spanne ontmoedig Saterdagoggend 30 April by die Monte Bello Landgoed buite Bloemfontein, waar die 15^{de} Chasa Intervereniging-skietkompetisie gehou is nie.

Die meeste spanne ooit (bestaande uit 4 skuts elk), naamlik 53 spanne van 19 Chasa-verenigings, het deelgeneem. Onder hulle was 7 junior, 4 dames-, 39 mans- en 3 veteraanspanne.

Die weer het gelukkig laatoggend effens opgewarm, en hoewel die wind deurentyd steeds 'n faktor was, is daar 'n totaal van 6 360 skote op die 6 skietbane geskiet wat in die rantjies opgestel is om verskillende jagtoestande te simuleer. Op baan 1 is daar vanuit 'n posisie bo-oor 'n miershoop vyf skote geskiet na vyf verskillende staalghonge in die rantjies, wat tussen 220 en 330 m ver was. Driepootstokke is gebruik op baan 2, waar een skut kon staan, een kniel, een sit en die laaste skut per span moes lê; elke skut het vyf skote tussen 180 en 230 m op vyf verskillende ghonge geskiet. Drie van die vyf ghonge was slegs 150 mm in deursnee, wat dit redelik uitdagend gemaak het vir die skuts om al vyf ghonge raak te skiet. Op alle bane moes skuts self die afstande skat. Geen hulpmiddels is toegelaat nie en daar was tydbeperkings op elke baan wat die span in berekening moes hou.


'n Geankerde tweepootstok moes deur skuts gebruik word, weer eens een per span wat staan, kniel, sit en lê op baan 3, waar daar na blesbokteikens op ongeveer 150 m geskiet is. Negatiewe punte vir kwesskote weens die wind het baie spanne hier duur te staan gekom. Wind was ook 'n faktor op baan 4, waar daar op ±260 m op rooibokteikens aangelê is. Hier het skuts oor 'n driepoot, miershoop en twee betonblokke aangelê.



Die 1^{ste} plek het aan KZN Jagters gegaan. Hier verskyn Revo van Zyl, Rob Fortman, Johannes Schoeman en Nicky Oliver (voor).

Die skuts se vaardighede is getoets op baan 5, waar hulle uit 'n staande posisie sonder die hulp van 'n geweerband op jakkalsteikens oor ±90 m moes aanlê. Daarna het hulle na baan 6 beweeg, waar hulle uit 'n sittende posisie oor ongeveer 170 m op vlakvarkteikens geskiet het. Kaapjag A het uitsonderlik presteer deurdat al 4 spanlede se skote die maksimum punte-area op die vlakvark se kop getref het; 19 skote binne die sirkel en een wat die sirkel sny.

Ná afloop van die dag se kompetisie het die spanne



gesellig in Monte Bello se onthaalsaal saam gekuier in afwagting van die prysuitdeling. Oom Daan Bodensteyn van Vrystaat Jagters het die prysuitdeling behartig en Chasa HUB Stephen Palos het bontgestaan om pryse, medaljes en trofeë te oorhandig.

Kaapjag se veteraanspan het die veteraanafdeling gewen – 'n merkwaardige oorwinning aangesien hulle algeheel 15^{de} op dié dag was.

Kaapjag se juniors het met die eerste prys in die junior afdeling weggestap, met Vrystaat Jagters tweede en Suid-Kaap Jagters derde. Elk van die drie junior spanne se lede het onder andere 'n 12-maande-inskrywing op **WILD & JAG**-tydskrif gewen. Die damespan van Kaapjag het die damesafdeling gewen en is luid toegejuig. Hulle het gesorg dat drie van die vier Kaapjag-spanne medaljes ontvang, met die Kaapjag A-span wat die vierde Kaapjag-span was met hul 2^{de} plek in die mansafdeling.

Die hoogtepunt van die aand was KwaZulu-Natal se span, bestaande uit Revo van Zyl, Nicky Olivier, Rob Fortman en kaptein Johannes Schoeman, wat die Chasa Intervereniging-wissel-trofee omhoog gehou het terwyl hulle vir foto's geposeer het.

'n Kenmerk van elke Chasa Intervereniging-skiëtkompetisie wat die laaste aantal jare gehou is, is die uitsonderlike wyse waarop die SA Jaggeweerskiëtkompetisie onder leiding van Willem Botha en die personeel en baanbeamptes van Vrystaat Jagters die baan deur die loop van die kompetisie opstel en beheer.

Johan Kapp, Chasa-ondervoorsitter, het die borge bedank, sonder wie so 'n prestige-skiëtdag uiteraard nie aangebied kon word nie. Die borge



Kaapjag se dameswenners. Vlnr: Nelien van Zyl, Agatha Visagie, Juanita Scheffer en Marlize Volschenk.



Kaapjag se junior wenners. Vlnr: Isal Louw, André Muller, Hoffmeyer Kotze, Anje Viljoen en Chasa HUB Stephen Palos.

was: Die Skietwinkel, **WILD & JAG**-tydskrif, Wildman, Whylo Distributors, SA Ghilly, Freddie Hirsch, Peregrine, Crown National, Kolonel Jean Botha, Canvas and Tent, ARMS, Zeiss, KZN Hunters, SAB, PMP, Formalito, Blu Air Sea and Land Logistics, Liebner Engravers, Harry's Printers, Primos Hunting, Clinicare, Marina Salt, Horna-

dy, Inyati Sporting Supplies en Ultimo, en die volgende jagtersverenigings: Hoëveld, Kaap, Noordwes, Swartwitpens, Bosveld en Noord-Kaap.

Klik op die QR-skakel om na 'n video van die skietdag te kyk. 🐾

